**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

**Appèl Nr. : A199/2004**

In die appèl van:-

**DANIëL LABU** Appellant

en

**DIE STAAT** Respondent

---

**CORAM:** MALHERBE RP *et* VAN ZYL R

---

**AANGEHOOR OP:** 13 FEBRUARIE 2006

---

**UITSPRAAK DEUR:** VAN ZYL R

---

**GELEWER OP:** 30 MAART 2006

---

[1] Appellant het in die streekhof, Zastron, tereggestaan op 'n aanklag van verkragting deurdat hy na bewering op 2 April 1994 en te of naby Zastron vir Sophie Alonie, 'n volwasse vrou, verkrag het. Appellant het nie regsverteenwoordiging in die hof *a quo* geniet nie. Hy het onskuldig gepleit en sy pleitverduideliking was een van algehele ontkenning op die

basis dat hy beweer het dat hy en die klaagster sedert 1988 gereeld gemeenskap gehad het en toe appellant op 'n stadium besluit het dat hy nie meer gemeenskap met die klaagster wou hê nie, het die klaagster valslik die klag teen hom aanhangig gemaak. Appellant is skuldig bevind en op 26 Junie 2001 tot 15 (vyftien) jaar gevangenisstraf gevonnis.

[2] Die appèl is teen beide die skuldigbevinding en die vonnis gerig.

[3] Mej. Bezuidenhout, wie namens appellant opgetree het, het na 'n behoorlike evaluering van die getuienis reeds in haar betoogshoofde toegegee dat daar geen meriete in die appèl teen die skuldigbevinding is nie, welke toegewing sy in die hof herhaal het. Ek meen dat hierdie toegewing heeltemal tereg gemaak is. Die klaagster het getuig dat sy 41 jaar oud was ten tyde van die verhoor, maar slegs 33 jaar oud ten tyde van die voorval. Dit blyk uit die oorkonde dat die rede waarom dié aangeleentheid so gesloer het, was omdat appellant op 'n stadium soek was. Volgens die klaagster was sy die betrokke aand in haar huis aan die slaap, nadat sy die huis behoorlik toegemaak en gesluit het. Teen 11 uur

die aand het iemand haar wakker geklop en toe sy vra wie dit is, het die man geantwoord dat dit “Abba” was. Sy het verduidelik dat sy appellant as Abba ken. Hy het versoek dat iemand buite die huis haar wou sien, maar sy het geweier en verder geslaap. Sy het later wakker geword van iemand wat haar wurg met die een hand, terwyl hy ‘n mes in die ander hand vasgehou het. Sy het op daardie stadium appellant aan sy stem herken. Hy het daarop gedurende die loop van die nag driekeer met haar gemeenskap gehad teen haar wil. Toe sy op ‘n stadium om hulp geskree het, het hy gedreig dat hy haar gaan doodmaak. Gedurende die nag het hy heeltyd bo-op haar gelê en soms selfs bo-op haar aan die slaap geraak. Wat haar identifisering van hom betref, het sy op ‘n later stadium ook getuig dat sy in die lig van die masligte in die omgewing appellant gesien het op die stadium wat hy haar huis verlaat het. Toe hy om ongeveer 5h00 die volgende oggend die huis verlaat, het sy haar na die polisiestasie gehaas waar sy teen ongeveer 6h00 arriveer het en ‘n rapport omtrent die verkragting aan ‘n polisiebeampte gemaak het. Sy is toe deur die

polisiebeampte na ‘n dokter geneem. Volgens haar getuienis het sy krapmerke aan haar nek gehad waar appellant haar met sy naels gekrap het. Met betrekking tot hoe appellant haar huis sou binnegekom het, het sy verduidelik dat haar huis uit ‘n sinkstruktuur bestaan en dat appellant ‘n gat in die grond onderdeur die sinkstruktuur gegrawe het. Volgens haar het die polisiebeamptes van Bloemfontein die volgende oggend, nadat sy die saak by die polisie rapporteer het, ‘n foto van die grond kom neem wat in ‘n hoop by haar huis gelê het waar appellant die gat gegrawe het. Sy het ontken dat sy ooit ‘n verhouding met appellant sou gehad het en het getuig dat sy hom slegs van sien ken.

[4] Die klaagster se getuienis is in wesenlike opsigte deur die getuienis van Inspekteur Paulus Lesikana en die geneesheer, Dr. Hanekom, gestaaf. Paulus Lesikana het getuig dat die oggend na die voorval, synde 3 April 1994, om ongeveer 6h00 die oggend, het die klaagster by die polisiestasie opgedaag, baie ontsteld en hom meegedeel dat sy verkrag is deur ene “Abba”. Dr. Hanekom het getuig dat

hy op 3 April 1994 in sy hoedanigheid as distriksgeneesheer die klaagster ondersoek het en het hy, onder andere, as volg getuig:

> "Betreffende kneusings en skaafplekke, daar was teerheid aan die linker, aan die nek, links en regs. Daar was twee klein krapmerkies, moontlik as gevolg van naelmerke aan die linkerkant van die nek. En dit was teer met aanraking, die stukkende plekkies."

(Sien oorkonde p. 25 reël 10 – 14.)

Hy kon geen beserings aan haar geslagsdele vind nie, hoewel sy gekla het van pyn met die ondersoek. Hy het egter verduidelik dat inaggenome dat die klaagster 'n volwasse vrou is wat seksueel aktief is en reeds 3 kinders het, die blote feit dat hy nie sodanige beserings gevind het nie, nie noodwendig beteken dat daar nie geweldadige gemeenskap plaasgevind het nie. Die J88 mediese verslag is ingehandig as bewysstuk "A".

[5] Teenoor bogemelde weergawe het appellant tydens sy

getuienis volhard met sy ontkennende weergawe. Hoewel hy egter tydens sy pleitverduideliking aangevoer het dat die klaagster 'n valse aanklag teen hom gemaak het omdat hy geweier het om gemeenskap met haar te hê, het hy tydens sy getuienis die indruk geskep dat die rede waarom sy 'n valse klagte teen hom aanhangig gemaak het, is omdat hy R7.00 aan haar verskuldig is, welke geld hy nie vir haar betaal het nie. Dit dien vermeld te word dat gedurende kruisverhoor appellant wel saamgestem het dat sy bynaam "Abba" is.

[6] Wanneer gelet word op die verhoorlanddros se beoordeling en evaluering van die getuienis, blyk dit dat hy dit op behoorlike en ewewigtige wyse gedoen het, met inagneming van die tersaaklike versigtigheidsreëls wat betref die klaagster as enkelgetuie en ook die identifisering deur haar van die appellant. Terselfdertyd het hy behoorlik inaggeneem dat appellant se weergawe slegs redelik moontlik waar hoef te wees. (Sien oorkonde, uitspraak, p. 56 reël 18 tot p. 63 reël 12.) Na aanleiding hiervan het die

verhoorlanddros appellant se weergawe verwerp en bevind dat die Staat die skuld van appellant bo redelike twyfel bewys het. Na my mening blyk hierdie gevolgtrekking korrek te wees en is daar geen basis waarop die verhoorlanddros se voormelde evaluering van die getuienis gekritiseer kan word en kan daar nie met sy gevolgtrekking ingemeng word nie.

[7] Die appèl teen die skuldigbevinding kan derhalwe nie slaag nie.

[8] Wat die opgelegde vonnis betref, het die verhoorlanddros heeltemal tereg daarop gewys dat artikel 51 van die Strafregwysigingswet, 105 van 1997, met betrekking tot die oplegging van sekere minimum vonnisse (lewenslange gevangenisstraf in 'n geval soos die onderhawige), nie van toepassing is nie, vanweë die feit dat die bepaalde artikel eers op 1 Mei 1998 in werking getree het, terwyl die voorval reeds op 2 April 1994 plaasgevind het. Desnieteenstaande blyk dit uit die opgelegde vonnis dat die verhoorlanddros voormelde wetgewing egter dermate as riglyn gebruik het dat hy versuim het om die elemente van strafoplegging op 'n

ewewigtige wyse in aanmerking te neem. Die resultaat hiervan is dat ‘n vonnis opgelê is wat na my mening skokkend onvanpas is gegewe die tersaaklike omstandighede en derhalwe inmenging regverdig en noodsaak.

[9] Wat die persoonlike omstandighede van appellant betref, was hy ten tyde van vonnisoplegging 29 jaar oud en ten tyde van die voorval 22 jaar oud. Hy was gevolglik relatief jeugdig ten tyde van die pleging van die misdryf. Hy is ongetroud met ‘n kind wat ten tyde van vonnisoplegging 2 jaar oud was. Hy het standerd 2 op skool geslaag. Appellant is nie ‘n eerste oortreder nie. Sy eerste vorige veroordeling gepleeg in 1987, synde een van diefstal, is nie relevant vir doeleindes van hierdie oortreding nie. Die daaropvolgende vorige veroordeling is wel relevant, synde poging tot verkragting, ten opsigte waarvan hy op 14 Mei 1992 tot ses houe met ‘n ligte rottang gevonnis is. Die daaropvolgende oortredings het hul ontstaan gehad na die pleging van die onderhawige misdryf en word derhalwe nie as vorige veroordelings inaggeneem nie.

[10] Wat die aard en erns van die misdryf betref, is dit ongetwyfeld ‘n ernstige misdryf en is dit in belang van die gemeenskap dat die hof by wyse van sy vonnis sy afkeur in hierdie tipe misdryf teen vroue en kinders, reflekteer. Terselfdertyd moet egter in gedagte gehou word dat die bepaalde omstandighede van die besondere voorval ook in oënskou geneem moet word. In die onderhawige geval het

die klaagster nie ernstige fisiese beserings opgedoen tydens die pleging van die misdryf nie en is daar ook nie getuienis met betrekking tot enige psigologiese letsels wat die klaagster sou oorgehou het as gevolg van die verkragting nie.

[11] Wanneer voormelde omstandighede en die elemente van strafoplegging derhalwe behoorlik inaggeneem word, is ek van mening dat ‘n termyn van 10 (tien) jaar gevangenisstraf gepas is.

[12] Bygevolg word die volgende bevele verleen:

1. Die appèl teen die skuldigbevinding word van die hand gewys en die skuldigbevinding word bekragtig.

2. Die appèl teen die opgelegde vonnis word gehandhaaf.

3. Die opgelegde vonnis word tersyde gestel en vervang met een van 10 (tien) jaar gevangenisstraf, welke gevangenisstraf geag moet word opgelê te gewees het op 26 Junie 2001.

**C. VAN ZYL, R**

Ek stem saam.

**J.P. MALHERBE, RP**

| | |
|---|---|
| Namens die appellant: | Adv. I.J. Bezuidenhout<br>In opdrag van:<br>Regshulpraad<br>St. Andrewstraat<br>BLOEMFONTEIN |
| Namens die respondent: | Adv. A. Bester<br>In opdrag van:<br>Direkteur Openbare Vervolgings<br>BLOEMFONTEIN |

/sp